

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: LERAARS EN KERKRADE

26 Maart 2020

Liewe vriende,

WWW.KERKAANLYN.COM :
GESAMENTLIKE PLATFORM (WEBBLAD) VIR DIGITALE BEDIENING DEUR
GEMEENTES IN OOS-KAAPLAND

Gemeentes skuif nou bediening na aanlyn-platforms soos Youtube, Vimeo, Facebook en Instagram.

As Sinode stel ons een gesamentlike, gebruikersvriendelike webblad beskikbaar waarop alle Oos-Kaaplandse gemeentes hulle oordenkings, boodskappe en eredienste kan plaas. Die webblad is beskikbaar by www.kerkaanlyn.com. Gaan loer gerus in hoe dit (tans) lyk.

Op die blad word elke gemeente se naam en 'n foto vertoon. Persone kan dan na die blad gaan en op die gemeente klik om na die boodskappe te kyk. Plaas ook bankbesonderhede daar sodat lidmate julle bediening per elektroniese oorplasing kan bly ondersteun.

Die diens is gratis.

Watter voordeel hou een platform (webblad) in?

Ons kan verskeie positiewe uitkomst bereik:

- Dit is moeilik om in die moeras van video's op platforms soos Youtube by die regte gemeente se video's uit te kom – hierdie diens maak dit vir lidmate maklik. Dit is 'n enorme voordeel.
- Jou gemeente kry (op versoek) 'n unieke skakel by kerkaanlyn.com, bv www.kerkaanlyn.com/penoord. Jy hoef dus net een skakel wyd en syd in jou gemeente te deel.

- Ons bedien as 'n span en kommunikeer dit helder na buite – as verband is ons nie alleen of op ons eie aangewese nie
- Ons leer by mekaar – ons kan sien hoe doen ander dit, wat ons help in ons bediening
- 'n Wye verskeidenheid boodskappe wat oor die internet versprei is, word nou onder een noemer saamgevat
- Ons gee 'n Oos-Kaapse geur aan ons aanlyn-teenwoordigheid.
- In 'n era van nuwe uitdagings gee ons steeds uitdrukking aan ons Bybelse mandaat: "In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe." 1 Petrus 3:15.

Hoe word jy deel?

Gaan na www.kerkaanlyn.com en klik op "Word deel". 'n Video-tutoriaal maak oop waar jy die besonderhede kan bekom. Die tutoriaal verduidelik hoe jy 'n video eers op Youtube laai en dan die skakel na kerkaanlyn.com stuur sodat dit geplaas kan word.

Moenie bekommerd wees nie – dit is maklik. Later in hierdie skrywe is 'n paar wenke hoe om 'n video te maak.

Kontakbesonderhede

Ds Cobus Fourie van NGK PE-Wes, 'n bediening wat as Kerk-op-Pad bekendstaan, is so vriendelik om hierdie webblad te bedryf. Stuur vir hom e-pos na kerkoppad@gmail.com. Jy kan hom ook skakel by 084 990 2270.

Ons is Cobus baie dank verskuldig. Hy gebruik sy gawes op 'n besondere manier om ons almal te dien. Dankie, Cobus.

Praktiese reëlins

Die volgende inligting moet oor elke boodskap / video wat jy wil plaas, gestuur word na kerkoppad@gmail.com:

1. Foto van kerkgebou;
2. Gemeente se naam;
3. Video-skakel bv. https://www.youtube.com/watch?v=CuB90_6vncc;
4. Inligting indien daar dankoffer EFT of Zapper gedoen gaan word.

Vir boodskappe wat op Sondag vertoon moet word, moet die inligting die vorige dag voor 13:00 aan Cobus gestuur word.

Ringes kan ook saamspan en leraars kan onder die ring se naam boodskappe plaas. In daardie geval moet julle Cobus net so laat weet.

Hoe maak mens 'n video?

Vir baie van ons is dit die groot vraag. Hier kom dit:

- Gaan na www.youtube.com en skep vir jouself 'n rekening. Log in. (Jy kan ook ander platforms gebruik, maar ons beveel Youtube aan).
- Skep 'n kanaal met jou gemeente se naam, bv "NG Kerk Pandemia"
- Sit nou jou selfoon dwars op 'n stewige platform redelik naby aan jou (ter wille van goeie klankgehalte). Mense verduur swak beeld, maar nie swak klank nie. Die selfoon se mikrofoon moet naby aan jou wees. Eksperimenteer.
- Skakel die video-funksie op jou selfoon aan en lewer jou boodskap (Wenk: kom dadelik tot die punt en begin met jou boodskap. ('n Temerige wegtrek verveel, en mense doen waarvan Johannes Kerkorrel gesing het toe PW nog elke aand op die TV-nuus was: hulle sit dit af.)
- Nou laai jy daardie video op na Youtube.
- As die video opgelaai is en op jou rekenaarskerm speel, moet jy die adres wat vertoon in jou webblaaier se adresreël kopieer en vir Cobus stuur.

Twee nuttige stukkies apparaat wat baie kan help, is 'n **lapelmikrofoon** wat jy direk by jou selfoon inprop en 'n **driepoot** wat spesiaal ontwerp is om 'n selfoon vas te hou. Jy kan beide vir minder as R600.00 by Takealot koop en later die rekening vir jou gemeente gee – die kerkraad behoort dit vir jou aan te koop.

- Hier is die mikrofoon: <https://m.takealot.com/boya-by-m1-omni-directional-lavalier-microphone-black/PLID53595938>
- En die driepoot: <https://www.takealot.com/mivision-5858d-tripod/PLID47151728>.

Hierdie is 'n lekker avontuur te midde van al die onsekerheid omdat ons nie 'n kaart het vir die pad vorentoe nie. Die Here is met ons.

Met seënwense,

Danie Mouton
Direkteur Sinode